

DISSIPLINE SONDER SKREE

Dissipline sonder Skree

Om op jou kinders te skreeu is 'n gewoonte wat ongemerk deel van kinders-grootmaak word. Maar hoe om uit die gewoonte te kom? Om 'n kind groot te maak sonder skreeu is makliker gesê as gedaan, sal menige ma van 'n woelige kleintjie wat net nie ore het nie jou vertel.

Want, is haar ondervinding, dis al hoe sy luister. Die rede is dat 'n ma haar kind onwetend leer sy is net ernstig as sy skreeu. As 'n mens eers daarmee begin word dit 'n kringloop. Die kind weet naderhand wat die presiese desibel van jou stemtoon is vóór sy jou 'n raps te ver gedryf het. Die toepassing van liefdevolle dissipline op die regte manier is 'n kuns wat almal kan aanleer. Jy mag ervaar dat 'n skreeuery werk, maar dit kraak jou kind af, laat jou sleg voel en jy moet al hoe harder skreeu om dieselfde resultate te kry. Om jou kinders na jou te laat luister moet jy 'n afsnypunt kry wat onafhanklik van jou emosie is. Wees ook konsekwent met die toepassing van strawwe wat jy beloop het.

'n Ouer mag maar wys dis nie vir haar lekker om te straf nie. Terwyl jy haar raps, laat haar verstaan dat sulke ongehoorsaamheid nie by so 'n oulike kind pas nie. Dit verseker dat jou straf nie jou kind se selfbeeld benadeel nie. Positiewe gevolge werk beter!

Veral klein kindertjies wat gereeld hul ouers aan die skreeu sien gaan, voel naderhand baie weerloos. As hulle optrede hul ma so totaal buite beheer kan dryf, wie gaan sorg dat alles regloop as daar 'n inbreker is? Ouers wat sonder ophou vir die kind vra om opdragte uit te voer, maar niks doen as dit nie gebeur nie, sal naderhand uit pure moedeloosheid aan die gil gaan. Sien hulle dit werk, raak dit 'n gewoonte. Dis onnodig. Dis maklik om in beheer te bly as jy sonder uitsondering strawwe waarvan die kind nie hou nie, bohaailoos toepas.

Opvoedkundiges waarsku ook teen sogenaamde beskaafde maniere soos sarkasme om gehoorsaamheid af te dwing. Soms word dit gebruik as plaasvervanger vir die lat wat deesdae onwettig is. Dit kan 'n jongeling se selfvertroue vernietig. Dis makliker vir kinders om jou opdragte uit te voer as jy iets lekkers, nie noodwendig iets met materiële waarde nie, as beloning gee. Byvoorbeeld: "As jy vóór sewe-uur by die ontbyttafel is, kan jy kies wat jy op jou toebroodjies skool toe wil hê."

As julle saam in 'n winkel is: "As jy heelyd langs my trollie loop en aan niks op die rakke vat nie, kry jy die vrugtesap wat ek hier voor in die trollie neersit." Die konkrete sien daarvan sal jou kind herinner om haar handjies tuis te hou. Moet dit egter nie as omkoop gebruik vir normale alledaagse verpligtinge nie.

Vir 'n tienjarige om elke aand tande te borsel, behoort nie onderhandelbaar te wees nie en dit regverdig dus nie 'n beloning nie. Dis ook belangrik om soos die kind ouer word, eerder die natuurlike gevolge van korrekte, bedagsame of goeie optrede uit te spel. Dit laat haar meer volwasse voel. Sê eerder: "Groet nou vir Ouma met 'n lekker drukkies, dan sal jy sien hoe bly dit haar maak."

'n Geskreeu op kinders wat in 'n groef van totale ongehoorsaamheid verval het of ander gedragsprobleme toon, is ook fataal. Probeer eerder 'n alternatiewe program of benadering. Die bekendste hiervan is die stelsel van sterretjies plak vir positiewe gedrag. "Dis altyd 'n goeie idee om nooit net een van jou kinders hierby te betrek nie, maar dit eerder 'n gesinspoging te maak.

Nog 'n belangrike beginsel is om nie aan meer as een aspek gelyk te werk nie. Een maand kan dit vir getroue huiswerk doen wees en die volgende omdat hulle nooit baklei nie. Onthou ook dat sterretjies vervelig kan raak. Gebruik jou verbeelding om afwisseling te vind. So kan 'n stukkie van 'n interessante prent telkens ingekleur word totdat dit klaar is of sente in 'n botteltjie gegooi word tot dit vol is. Swart kolle vir nie-nakoming is onaanvaarbaar. Dit herinner net die kind aan haar feilbaarheid en menige

mislukkings.

Moet ook nie jou spruit straf as sy woede toon vir haar eie foute of as sy ontsteld is omdat jy die straf wat jy belowe het, toepas nie. Sy moet egter verstaan dat haar gedrag niemand skade mag doen nie, en dat sy nie in die openbaar mag optree op maniere wat ander mense verontrief of irriteer nie. Maar laat haar gerus haar kwade gevoelens huilend en trippelend uitwoed.

Straf vriendelik!

Jy straf nie omdat jou kind jou te na gekom het nie, maar omdat sy oortree het. Jou verhouding met haar moet daarbuite gehou word. Gehoorsaamheid is 'n proses waaraan julle twee as 'n span saamwerk. Dis nie nodig om ooit straf met 'n kwaai houding toe te pas nie. As jou kleuter 'n oortreding begaan en julle het ooreengekom op 'n straf, straf dan sonder 'n tirade of 'n woeste sedepreek. Sodoende hoef julle verhouding nie skade te ly nie. Hou gedurig gesinsvergaderings en bespreek julle huisreëls. Jou kans is dan beter dat hulle dit sal nakom. "So kry jy ook hul samewerking eerder as blote gehoorsaamheid uit vrees vir die straf wat gaan volg. Veral jou ouer kind moet altyd weet dit maak nie saak hoe erg die oortreding was nie, op haar ouers se liefde en aanvaarding kan sy altyd staatmaak. Wanneer mag jy skreeu? Nooit! Maar as jy soos die meeste ouers soms bitter moeg van die werk af kom en heel menslik van jou goeie voorneme afwyk, vra jou kinders om verskoning. So sien hulle jy het berou en is bereid om jou foute te erken. Onthou verder dat sommige ekstroverte, nes hulle van blydschap skreeu, makliker hul stemme vir klein irritasies mag verhef. Maar 'n kind sal weet as sy so 'n ouer het en sal dit nie traumaties ervaar nie.

Dit gaan ook nie altyd oor die volume van jou stem nie. Jy kan op 'n ysige, bitsige en sarkastiese manier iets nog meer giftig oordra as wanneer jy skreeu. Dit is die graad van negatiewe emosie en woede wat die skade doen. Kinders wie se ouers van jongs af op hulle skreeu, sien hulle maklik as agtergrond geraas en neem hulle nie ernstig op nie. As jy 'n ouer wil wees wat jou kinders se respek waardig is, sorg dat jy regverdig straf uitdeel wanneer dit nodig is, sonder om jou tot 'n skreeuery te wend.